



Presidente is lekker saamtrek

“Ek doen ’n vriendelike beroep op elke Kiepersoller om by die Presidente-saamtrek gedurende die Paasnaweek by die Potchefstroomdam te kom kamp. Dis ’n lekker saamtrek waar ’n gesonde balans tussen pret, plesier en die godsdienstige aard van die naweek gehand-

ring wat die afgelope Saterdag by Bloekompoort naby Vereeniging plaasgevind het.

Vanjaar se Presidente-saamtrek sal vir die 29ste agtereenvolgende jaar plaasvind. Diegene wat die naweek nog langer wil maak kan al vanaf die 17de April by die

Die Presidente is ’n tradisie wat amper dertig jaar oud is. Lewenslange vriendskappe is al by hierdie besondere geleentheid gesmee en tradisioneel is dit een van die belangrikste gebeure op die Sawa-kalender.

Daar is tog kommer uitgespreek oor die dalende getal woonwaens wat by die saamtek teenwoordig is. Op ’n stadium was daar meer as 400 woonwaens terwyl dit die afgelope jare tot ongeveer die helfte daarvan gedaal het.

Sawa-president Nico Spaumer het gevra wat dan verkeerd geloop het sedert daardie jare by Heidelbergkloof toe masas woonwaens saam getrek was. Gert Meyer van streek Kosmos het gesê dat lede-motivering ’n belangrike rol speel. Die feit dat Paasnaweek ’n familie-naweek is en dat dit hierdie jaar aanskakel met ander vaksiedae is ook uitgewys. Die nasionale voorsitter het streekbesture versoek om op die saak in te gaan en hom per e-pos te laat weet sodat die saak die nodige aandag kan geniet.



Hennie Ferreira druk in gesprek met Jurie Dreyer, nasionale voorsitter, by die oop NUB. Louis van den Berg en ’n Wes-Rander kyk toe

haaf word. Daar word besondere aandag aan die Paasgebeure gegee sodat hierdie belangrike saak sterk beklemtoon word. Ek hoop dat ons as Kiepersol soos altyd goed verteenwoordig sal wees.”

So het Hennie Ferreira, voorsitter, gesê na afloop van die oop NUB-vergadering

dam gaan kamp. Die naweektarief is R490 (vier nagte) terwyl die voorafnagte R105 is.

Klem is by die oop NUB daarop gelê dat dit omtrent die enigste geleentheid is waar fondsinsamelingsaksies vir die nasionale kas kan plaasvind.

2012 Kongres by Hartenbos

Die NUB het besluit dat volgende jaar se Sawa-kongres by ATKV Hartenbos in die Suid-Kaap sal plaasvind. Dit sal oor die naweek van 21 tot 24 September 2012 gehou word.

Die vorige kongres wat in die suide van die land gehou is was in Desember 1997 toe dit in die Paarl plaasgevind het. Toe was daar heelwat toere wat gereël is om lede in staat te stel om die belangrike geleentheid by te woon. Dit word weer in die vooruitsig gestel en besonderhede sal mettertyd bekend gemaak word.

Lekker saamsing

Sawanante sal voortaan weer lekker kan saamsing uit ’n bundel lekkersing liedjies wat baie geskik is vir kitaarbegeleiding.

By die oop NUB is bekend gemaak dat die boekie wat vroeër deur Tukkie se Bond van Oudstudente gebruik is, vir hierdie doel beskikbaar is. Daar is ander bundels wat deur die jare opgestel is en wat moontlik gebruik kan word. Die moontlikheid is genoem dat Sawa weer so ’n bundel vir eie gebruik kan saamstel.

Berigte en foto's deur Johann Lemmer

Wat is die Oop NUB?

Daar was 47 woonwaens en 99 mense die afgelope naweek (11-13 Februarie) by Bloekompoort naby Vereeniging saam getrek. Die geleentheid was die oop NUB, so genoem omrede streekbestuurslede ook die vergadering Saterdag

bygewoon het. Vyf-en-twintig streke was daar verteenwoordig.

Naas die Sawa-kongres wat jaarliks in Oktober plaasvind is die nasionale uitvoerende bestuur (NUB) die hoogste gesagsliggaam in die organisasie. Dié liggaam vergader vier keer per jaar en bestaan uit die dagbestuur, president, nege gebiedsvoorsitters en administratiewe beampte.

Voortdurende verjonging vir Sawa noodsaaklik

Klem is by die afgelope Saterdag (12 Februarie) se oop NUB-vergadering gelê op die werwing en behoud van lede. Tydens die bespreking het Jurie Dreyer, nasionale voorsitter, daarop gewys dat



Fanie Jordaan en Pieter van Biljon

daar streke is wat 'n hoë persentasie groei asook jonger lede het.

Aan die ander kant is daar agt streke wat meer as die helfte senior burgers (60+) in hulle geledere het. Jurie het daarop gewys dat die seniors 'n baie belangrike rol in die organisasie speel maar dat daar voortdurende verjonging moet wees anders kan stagnasie plaasvind. Die doelwit is steeds dat elke streek met minstens drie lede (netto) moet groei.

Tydens die bespreking het Bettie Mullins van streek Wapadrans

daarop gewys dat jonger mense eers 'n EB-lisensie moet kry voordat hulle woonwaens mag sleep. Daar is onsekerheid oor hoe daar vir hierdie lisensies getoets word. Die saak sal met 'n verteenwoordiger van die AA opgeneem word. Intussen kan streke dit 'n projek maak om mense op te lei om aan die vereistes te voldoen.

Martin Rix, streekvoorsitter, het gevra of daar nie miskien iets met Sawa se beeld skort nie. Jurie het gesê dat die webwerf www.sawa.org.za 'n belangrike rol kan speel in die positiewe uitdra van die organisasie se beeld. Daar word tans aandag gegee aan die vernuwing van die webwerf en daar word met verwagting daarna uitgesien.

Ooreenkoms met ATKV-oorde

Die bestaande ooreenkoms oor tariewe by ATKV-oorde is tot 31 Maart 2011 geldig. 'n Nuwe ooreenkoms vir die daaropvolgende twaalf maande is beding en sal vanaf 1 Mei geld.

Besonderhede sal aan streke bekendgemaak word.

Sentrale Presidente vir Bloemfontein beplan

Daar word beplan om 'n fondsin-samelingsaksie in Bloemfontein te hou die naweek van 9 tot 11 September 2011. Woonwaens uit die Vrystaat en ander dele van die land sal in die woonwapark op die skouterrein geakkommodeer kan word terwyl 'n kaskarresies en stalletjies moontlik by die Sand du Plessis-skool kan plaasvind. Die praktiese uitvoerbaarheid van die planne sal ondersoek word en 'n finale besluit by die NUB in Meimaand geneem word.

Sawa beëindig sy lidmaatskap van Federasie

Die NUB het besluit om sy jarelange lidmaatskap van die Federasie van Woonwa en Kampeer-klubs met ingang van 1 Maart 2011 te beëindig. Ondervoorsitter Chris Delpont het die aanloop en die verloop van die omstandighede aan die vergadering geskets wat tot die besluit aanleiding gegee het.



Streekbestuur 2010-2011

Voorsitter: Hennie Ferreira (083 226 176) hennief@agency.co.za

Ondervoorsitter: Louis van den Berg (083 277 7307) vdbl@vodamail.co.za

Sekretaris: Magriet Baker (083 409 3719) margaretb@joburg.org.za

Penningmeester: Rigard Lemmer (082 786 9928) rigard.lemmer@treasury.gov.za

Redakteur: Johann Lemmer (012 653 2745) lemmerj@mweb.co.za

Senior burgers: Frank Smith (012 654 3135) frank.hettie@vodamail.co.za

Addisionele lede: Jerome Henning (012 654 6127) ja.henning@telkomsa.net
en Sonja de Jongh (082 414 4475) sonjadj@tshwane.gov.za

Bankbesonderhede: Sawa Kiepersol, ABSA Centurion 600 810 499